

# Ocmis-kruipspuite laat die wetenskap vir jou werk

Derduisende rand en maande se noukeurige navorsing word in die landbou bestee aan plant- en saadontwikkeling vir net die beste groei en produksie. Net soveel tyd, geld en energie word gebruik om bemestingstowwe te ontwikkel om gewasse die nodige hupstoot te gee en goeie oeste te verseker.

Met al hierdie sorg en aandag maak dit net sin dat 'n boer wetenskaplik te werk sal gaan om sy kosbare gewasse die noodsaaklikste groeimiddel, naamlik water, te gee.

Besproeiingstechnologie het nie agterweë gebly nie en 'n boer wat wil seker maak dat die regte hoeveelheid water met die regte druppelgrootte egalig op die regte tyd toegedien word presies waar dit nodig is, kan gerus by Irrigation Unlimited aanklop vir hulle kruipspuit-oplossings.

Irrigation Unlimited is die invoerder en verspreider van die wêreldleier in kruipspuittegnologie, Ocmis, se produkte. Een van die geheime van Ocmis se sukses is die ontwikkeling van hulle unieke turbine-stelsel met die stuwertuig wat regstreeks aan die insetas van die ratkas gemonteer is. Dit voorkom waterverlies en gee aan die masjien 'n groter variasie in spoed, selfs teen lae druk en watervloei.

'n Kruipspuit gebruik watervloei om 'n ratkas te draai, wat die spuit deur die land trek.

Dit werk so: 'n Sleepwa met 'n pypkatrol word aan die een kant van die land by 'n watertoepunt staange maak. Die punt van die pyp is aan 'n karretjie met 'n kanonspuit gekoppel. Hierdie karretjie word na die oorkant van die land gesleep, die water word oopgedraai en soos wat die katrol die pyp opdraai, sleep hy die karretjie, wat natuurlik al die pad water spuit, terug.

Die spoed waarteen die spuit ingesleep word, kan verstel word om meer of minder water per lopiese toe te doen.

'n Boer kry ook 'n duidelike kleurkaart saam met sy masjien wat hy kan gebruik om hom presies te kalibreer ten opsigte van watervloei en -druk, en hy het ook 'n wye keuse van sproeiers vir druppelgrootte. In plaas van 'n kanonspuit kan die karretjie ook toegerus word met 'n balkspuit.

In Suid-Afrika is daar vier modelle beskikbaar met pylengtes van 130 tot 300 meter, wat geskik is om areas van drie tot dertig hektaar per week te kan besproei (sien tabel).

## Wat sê die boere?

André Brummer, boerderybestuurder van die Ncome Gevangenis by Vryheid, plant kuilvoermielies en groenvoer. Hy

sê sy watertoediening is perfek. "Nog 'n groot voordeel van die Ocmis is dat dit nie die aanlok soos goukoppelpype en spilpunte met koperkragkabels nie."

Christiaan Pistorius van Redrock Broiler Breeders naby Magaliesburg gebruik sy Ocmis-spuite vir mielies en aangeplante weiding en sê hy is veral beïndruk deur die egalige watertoediening en die prys: "Ek kan drie kruipspuite koop vir een spilpunt se prys en dan kan ek dit makliker op verskillende plekke aanwend. Daarby benodig my kanon 65 000 liter water per uur teenoor die spilpunt se 110 000 liter vir amper dieselfde werk."

Attie Brits van Sterkfontein Veevoere by Bronkhorstspuit sê die Ocmis is eenvoudig, stewig en ordentlik gebou sonder fieterjasies wat kan moeilikheid gee. Hy sê Irrigation Unlimited se dienslewering is uit die boonste rakke: "Hulle is baie ernstig oor die onmiddellike lewering van onderdele en hulle reuse onderdelemagasyn is iets om te sien."

Willem Scholtz van Brits se Ocmis sorg vir voer vir sy melkkoeie. Hy geniet die arbeidsbesparing teenoor sy vorige koppelpypstelsel, en die verskuifbaarheid van die Ocmis: "My voergewasse word op kleinerige lande op verskillende plekke geplant en die beweegbaarheid van die Ocmis maak alles makliker. Ek haak hom agter die trekker en sleep hom tot waar hy nodig is." 

Model	Pypdikte	Pylengte	Ha/week	Ha/lopie	Waterstraal
R2/2	100 mm	300 m	+/- 30	2,02 - 2,96	39 - 55 m
R1/1	75 mm	220 m	+/- 20	1,23 - 1,85	32 - 46 m
MRR	58 mm	200 m	+/- 12	0,67 - 1,1	20 - 31 m
MR	40 mm	130 m	+/- 3	0,38 - 0,5	17 - 22 m

Praat met Tobie van den Heever by 012-736-2121 of 082-658-6054 of [tobie@iunlimited.co.za](mailto:tobie@iunlimited.co.za) of besoek [www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za) vir meer inligting oor hulle hele reeks besproeiingstoerusting.

